HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | www.janvanriebeeck.co.za | hs_jvr |

7 Junie 2024

Geagte Ouer/s en Voog/de

RE: Engels Huistaalintervensielesse Kwartaal 3 2024

Die Engels Huistaal department wil graag die volgende inligiting rakended die beplande intervensie lesse vir graad 12 in kwartaal 3 met u deel.

Daar sal elke Woensdag middag in kwartaal 3 n verpligte Engels Huistaal-intervensieles vanaf 14:30 tot 15:30 deur meneer Claassen in sy lokaal aangebied word. Die doel hiervan is om te verseker dat die kurrikulum volledig en met die nodige diepte behandel en afgehandel word in die laaste kwartaal van 2024. Dit bied dan ook die geleentheid vir deeglike hersiening in n program wat andersins baie druk sou wees. Ons glo dat u die leerder sal ondersteun in hierdie poging om hul kennis en vermoë te versterk om sodoende die grootste sukses van n veeleisende kwartaal wat voorlê, te maak.

Die verwagting is dat die leerder elkeen van die bogenoemde verpligte sessies bywoon om hom/haar voldoende voor te berei vir die aller-belangrike rekordeksamen sowel as uiteindelik vir die NSS eindeksamen.

Ons doen n verdere beroep op u om te probeer verseker dat die leerder betyds opdaag vir hierdie sessies om sodoende voldoende daarby te baat.

Kontak gerus vir meneer Claassen per e-pos indien u enige navrae in hierdie verband het.

Mnr. Pieter Rademeyer (Skoolhoof)

Mnr. Renier Claassen (onderwyser)